Hoe om brandwerk te doen

Graad 1 tot 6

Brandwerk is ’n aktiwiteit waarvan kinders baie hou. Kombineer dit met Voortrekkerwerk soos byvoorbeeld die Taal- of Voortrekkermonument.
Graad: Gr 1 tot 6
Onderwerpe: Handwerk, Monumente of enige Voortrekkerwerk

Stappe

1. Jy benodig:

   ’n Plankie, gasstofie en gebuigde ysterdraad.

2. Teken vooraf die Taalmonument (werkboek 3) op die houtplank. Gebruik koolpapier. Ouer spanne kan self die tekenwerk doen.

3. Vra wat is op die hout geteken. Vertel dan iets van die Taalmonument. Hoe voel hulle oor Afrikaans of die gebruik van Engelse of *cool* woorde in Afrikaans?

4. Maak die ysterdraad warm op ’n gasstofie.

5. Brand dan met die ysterdraad op die hout.

Die ontwerp van die Taalmonument deur argitek Jan van Wijk, is geïnspireer deur die terrein en deur werke van twee van ons skrywers.

In 1914 het C.J. Langenhoven die groeipotensiaal van Afrikaans vergelyk met ’n snelstygende boog, of in meetkundige taal omgesit, ’n hiperboliese kromme.

In N.P. van Wyk Louw se Vernuwing in die prosa, in die hoofstuk, “Laat ons nie roem nie”, sien die skrywer ons taal onder andere soos volg:

In die uitsê van hierdie land, staan Afrikaans onvervangbaar sterk teenoor Suid-Afrikaanse Engels en (die vroeër moontlike) Nederlands, en die Afrikatale: Afrikaans wat aan sy konkrete kant staan teenoor die konkrete Bantoetale met hulle woordeskat vir die "sigbare en ervaarbare van ons land", en aan sy abstrakte kant teenoor die abstrakte van Engels. En tussen hierdie Weste en hierdie Afrika, staan Afrikaans as 'n "glansende werktuig", 'n "tweesnydende swaard".

"Oor wat ons taal sal word, of oor wat van hom sal word, kan ons dus nie praat nie, behalwe met hartstogtelike verlange."

Uit die omgewing met sy ronde granietrotse, uit die twee skrywers se beskrywings van ons taal, uit die aarde waarin hy gevestig is, het hierdie monument gegroei.

Die monument verteenwoordig ons taal en kultuur tydens die periode van groei en evolusie en erken die tale en kulture wat teenwoordig was tydens dié wordingsproses: sommige afkomstig van die Weste, ander van Afrika en ook van die Ooste.

Wenke

1. Gebruik meer as een spanbyeenkoms.
2. Dit kan ook gebruik word vir kentekens waar artikels gemaak moet word soos Handwerk, Handvaardigheid of Beeldende kunste.

Waarskuwings

1. Kinders kan moedeloos word omdat dit lank neem.
2. Hou *Burnshield* en water gereed! Daar is gewoonlik 'n kind wat brand. Dikwels is dit iemand wat ingedagte is en nie sien dat sy/haar ysterbrander teen die persoon se hand gedruk word nie.
3. Moenie die kinders alleen los met die brandwerk nie.
4. 'n Brandmerk kan nie uitgevee word nie. Waarsku kinders dat hulle mooi moet dink wat hulle doen.